

**Skriflesing:** Job 42:1-17Teks: **Job 42:5-6, 10**Sing- **Ps. 146:1,2; Ps. 102:1,11; Ps. 86:1,6; Ps. 8:2,3,4****Job 42:1** Toe het Job die HERE geantwoord en gesê:**Job 42:2** Ek weet dat U alles kan doen en geen plan vir U onuitvoerbaar is nie.**Job 42:3** Wie verberg die raadsbesluit daar sonder kennis? So het ek dan gespreek sonder om te verstaan, dinge te wonderbaar vir my, wat ek nie begryp nie.**Job 42:4** Hoor tog, en ek sal spreek; ek sal U ondervra en onderrig U my!**Job 42:5** Volgens hoorsê het ek van U gehoor; maar nou het my oog U gesien.**Job 42:6** Daarom herroep ek en het berou in stof en as.**Job 42:7** En nadat die HERE Job toegesprek het met hierdie woorde, sê die HERE aan Elifas, die Temaniet: My toorn het ontvlam teen jou en jou twee vriende; want julle het nie reg van My gespreek soos my kneg Job nie.**Job 42:8** Neem dan nou vir julle sewe bulle en sewe ramme, en gaan na my kneg Job en bring 'n brandoffer vir julle, en laat my kneg Job vir julle bid; want hom alleen sal Ek in guns aanneem, sodat Ek aan julle nie die dwaasheid laat vergelde nie; want julle het nie reg van My gespreek soos my kneg Job nie.**Job 42:9** Toe het Elifas, die Temaniet, en Bildad, die Suhiet, en Sofar, die Naämatiet, heengegaan en gedoen soos die HERE aan hulle gesê het; en die HERE het Job in guns aangeneem.**Job 42:10** En die HERE het die lot van Job verander toe hy vir sy vriende gebid het; en die HERE het Job se besittings vermeerder tot dubbel soveel as voorheen.**Job 42:11** Ook het al sy broers en al sy susters en al sy bekendes van vroeër na hom gekom en met hom saam brood geëet in sy huis; en hulle het met hom medelyde gehad en hom vertrous oor al die onheil wat die HERE oor hom gebring het. En hulle het hom elkeen 'n geldstuk gegee en elkeen 'n goue ring.**Job 42:12** En die HERE het die einde van Job meer geseën as sy begin; en hy het veertien duisend stuks kleinvee en ses duisend kamele en duisend paar beeste en duisend eselinne gehad.**Job 42:13** Daarby het hy sewe seuns en drie dogters gehad.**Job 42:14** En hy het die eerste genoem Jemíma en die tweede Kesía en die derde Kerenhappug.**Job 42:15** En in die hele land is geen vroue gevind so mooi soos die dogters van Job nie; en hulle vader het hulle 'n erfdeel gegee onder hulle broers.**Job 42:16** En Job het daarna honderd en veertig jaar lank gelewe; en hy het sy kinders en kindskinders gesien, vier geslagte.**Job 42:17** En Job het gesterwe, oud en afgeleef.**Skriflesing:** Job 42:1-17Teks: **Job 42:5-6, 10**Sing- **Ps. 146:1,2; Ps. 102:1,11; Ps. 86:1,6; Ps. 8:2,3,4**

Broeders en susters- u wat vanoggend deur die radio kan inskakel, wanneer ons van Job hoor, iemand wat waarskynlik in dieselfde tyd as ons vader in die geloof Abraham gelewe het, maar by Job is ons geneig om te dink, hier het ons te doen met wat baie swaarmoedig is, dit wat ek mag voel dit kan my negatief maak, ek kry swaar met wat in die lewe van Job gebeur het. Ons is by die laaste hoofstuk uit hierdie besondere mens se lewe. Hierin kom na vore dit wat Job en ons elkeen nie as swaar, negatief en uitgeleef moet beskou nie, nee hierin word, ons ingelei in wat die lewe van God se kind baie positief kan beskou, ja dit gaan om baie

meer as net met 'n vonkel in die oog na die lewe te kyk. Dit gaan daarvoor om werklik 'n herstelde verhouding met God te mag hê. Dit is ons sentrale tema vanoggend. Wat beteken dit vir jou om 'n herstelde verhouding met God te mag hê?!

Ons praat oor ons verhouding met die Here, as ons die laaste hoofstuk van Job ernstig opneem, maar ons praat ook oor die besondere verhoudinge wat ons as mense met mekaar mag hê. In dit alles het Job so diep en duidelik sy lewe moes deurleef om by sy eie lewensopsomming te mag kom, wat hierdie laaste hoofstuk inderdaad is.

\*\*\*

In my verhouding met die Here is die eerste en belangrikste punt om te erken ek moet anders oor God dink as wat ons as mense baie keer geneig is om te dink. Jy doen jouself en geen ander mens enige guns as ons dink dat ons verhouding met God ook maar net nog 'n verhouding is. Ek doen myself geweldige onreg aan as ek my verhouding met God degradeer. Hoe gebeur dit?! Dit gebeur as ek myself in die posisie van God wil plaas en ek God wil beoordeel. Dan word God 'n voorwerp van gemaak. Dan wil ek die god wees wat maak asof ek op die ware God alle kritiek kan uitoefen. Dan wil ek my kritiek op God uitspreek, hoe ek wil, soveel soos ek wil, wanneer ek wil. Wat weet jy, wat doen jy, wat kan jy...wat het jy...vrae wat ons onself moet vra...

\*\*\*

Een van die groot dinge wat Job homself deur baie swaarkry en ellende en hartseer, selfs deur baie sonde moes leer, is my verhouding met God kan nie normaal wees en goed wees as ek my gevoelens bo God gaan stel en ek dan vir God aan my oordele wil onderwerp nie. Dan is die verhouding uit die staanspoor nie reg nie.

EK moet God wil dien, nie ter wille van wie ek is en wat ek graag wil hê, en hoe ek dink God my lewe moet maak nie. Dit mag nie, dit werk ook nie, Job het hiermee baie geworstel. Née, dien God ter wille van Wie God sê Hy is, dien God ter wille van Homself, dan gaan die heerlike gemeenskap wat Job op die einde van sy lewe met God kon hê ook in jou lewe die laaste sê kry; dit is deurslaggewend dat al weet ons God loop nie met alle mense presies dieselfde pad nie. Daar is baie maniere, baie gevoelens en gewaarwordinge wat mense in hulle verhouding met God dit anders uitdruk as wat ek dit beleef. Maar tog moet daar hierdie een vertrekpunt wees wat ons almal gemeenskaplik moet bely- dit wat Job eers in die tweede deel van sy lewe raaksien. Dien God ter wille van Wie God is. Ek kan nie God dien terwille van wie ek is nie.

\*\*\*

Dan plaas hy sy hand op sy mond, daarom *herroep ek en het berou in stof en as...* Ons sien die nuwe begin wat Job wil maak, is om God as waarlik God te sien. Hy neem God as waarlik die enigste God ernstig op, ek sien myself as nietige mens, iemand alles behalwe die een wat dink God kan verplig word om aan my verantwoording te doen.

Wanneer ons by hierdie punt in ons lewe gekom het, ja dis só 'n dankbare oorgawe wat in 'n mens se lewe kan plaasvind, God laat dit plaasvind, dan het ek baie dinge wat ek moet herroep. Dinge wat Job erken, hy was verkeerd, ek het verkeerd oor God gedink, verkeerdelik het ek God aan my oordele wou onderwerp...dit kom so duidelik uit as Job *sê-ek herroep en het berou in stof en as.*

\*\*\*

In hierdie woorde van Job is daar baie dankbaarheid ingebou, dit hoor ons duidelik, maar hier is ook skaamte ingebou. Job kry skaam dat hy homself so teen God kon opstel en van God verantwoording durf eis. Hoe gevaarlik kan ons eie inbeeldinge nie wees nie. Dat ek myself die maatstaf van dinge wil maak. Om te maak asof ek onfeilbaar oordele kan uitspreek. So asof my oordele altyd reg is, ja ek dan dink ek heiliger kan wees in wat God reeds heilig is.

Ons kan onself nie die middelpunt maak nie. Ons moet dit ook nie probeer nie. Dan is dit nie ons wat God probeer leer nie, maar God leer vir ons. Hierdie proses van leer wat in die geval van Job eintlik soos 'n geveg moes afloop kan Job nie anders as om te erken dat hy vroeër baie dinge gespreek het sonder om te verstaan. Dit is om sommer maar net te praat. Sonder insig te praat. Nou erken Job dat God het hom insig gegee. Daar het 'n verdieping van insig plaasgevind. Vroeër was dit maar eintlik hoorsê, nou het my oog U gesien. Om van hoor na sien te beweeg gaan nie oor sien wat ons met ons eie oë doen nie, want niemand kan God met sy oë aanskou nie en bly lewe nie. Tog wil God ons sy heerlikheid laat sien, die grootheid van sy werke, terwyl ons eie geringheid dan al duideliker na vore kom.

\*\*\*

Geliefdes die groot saak bly, die rolle moet omgekeer word. God word dan al groter in ons lewens. Dan staan ons nie verleë en skaam wat besig is om te gebeur nie, maar daar kan dankbare blydschap wees, daar kan 'n gebed in u hart wees, soos Job dit vra, *...onderrig U my.* Ons besef dan ook geestelike dankbaarheid is 'n punt wat ons in ons lewe kan bereik deur nie te volstaan met wat my geestelike dankbaarheid is nie. Hierdie dankbaarheid laat mens altyd vra- Here, gee my nog meer. My dankbaarheid is nog nie genoeg nie. Job bid dan ook met

woorde wat hy eintlik by God geleer het (hfst. 38:3), woorde wat hy nou by God kan oorneem- ...*onderrig U my... leer U my...* Die Here moet hom nog meer dinge leer, nog meer dinge laat raaksien.

\*\*\*

Nou weet ons God het hom in 'n storm dinge gewys. Die vorige twee hoofstukke is storm en skeppingsgedrewe .... God praat deur groot en kragtige diere. Wat die vertalings van al hierdie diere mag wees, verskil maar die feit is daar is die diere wat die mens nie kan makmaak nie. Jy sal jou dogtertjie nie met 'n krokodil laat speel nie, jy sal nie 'n seekoei opsaal om in die veld daarmee rond te ry nie. Dis hierdie fyn spot waarmee Job agterkom my vermoëns is so beperk. Ek kan nie sulke diere makmaak nie. Is dit vir jou en my moontlik om die lewe mak te maak?! Die lewe lyk dikwels krokodilagtig. Hy wat lyk so stil kan lê, iets van 'n skoonheid, 'n rustigheid kan openbaar, maar ontsaglik raaiselagtig kan wees, ontsaglik gevaarlik as die raaisel sy bek oopmaak en hy jou in die tande kry. Sy bek se opbeweeg knyp mense met vingers toe, sy bek se afbeweeg kan jou middeldeer saag. Eenkant baie swak, ander kant baie sterk. Vertel dit nie iets van mens-wees nie?

\*\*\*

Ek as mens het baie beperkinge. Job besef sy geringheid maar dit kan oorloop in die besef van God se grootheid en mag. Dis waarby ons moet kom. Om vir God te sê – *Ek weet dat U alles kan doen en geen plan vir U onuitvoerbaar is nie...* In die Hebreeus is die woord wat hier as WEET vertaal word eintlik 'n woord wat wys daar het iets met my gebeur. Ek het sekere dinge agtergekem en nou weet ek dit... Om sulke dinge te agterkom, dit werklik te weet het te doen met daar het INSIG in sy lewe gekom. Job erken hoe maklik kan 'n mens sonder insig praat. Dinge wat hy nie verstaan het nie het hy wel sonder insig wou blootlê. Dit kan nie.

Hierdie laaste hoofstuk van Job laat ons besef dinge werk baie keer heeltemal anders uit as wat ons gedink het. Ons is self die getuies van hoe dit baie keer met God se kinders nie goed gaan nie, Maar dit laat ons ook besef hoe die verlies in die breedte van die lewe baie keer dan winste word in die diepte van die lewe. Vir ander ook weer omgekeer. Hulle verliese in die diepte van die lewe, word dan winste in die breedte van die lewe.

Wonderlik om aan die einde te mag sien hoe die nederige verhoog word. Dit moet ons in ons verhouding met ander mense altyd voor oë hou-Wie homself verhoog sal verneder word, wie homself verneder sal verhoog word. Die Heilige Gees laat ons in Job se lewe hieroor nie

verleë nie. Dit bring ons verhouding met God en met ander mense dan gelyk na vore. God praat nie met Job asof Hy ook maar net 'n vriend van Job is, soos ons weet hier in Job dié mense was wat Job sy vriende wou noem, maar hoe het hulle eintlik net sy lyding vererger. Mense wat geglo het, Job het erg gesondig, daarom kry hy so bitterlik swaar. Terwyl dit nie so eenvoudig kan wees nie. Die lewe het sy eenvoud, maar dit was nog nooit eenvoudig nie, veral nie die vraagstuk van lyding nie.

Veral nie as dit gaan om 'n verhouding wat God wil herstel nie. God werk nie met ons, soos iemand dit 'n keer gestel het, asof ek 'n flentertjie papier is wat 'n winteroggend op 'n ashoop beland en die wind kan my wegwaai of daar kan klomp ander gemors bo-op my gegooi word. God werk nie met ons so nie.

\*\*\*

God werk met ons deur die storms ja, maar die storms wat in die lewetjie van Job losgebreek het, is om die ore en die oë bymekaar te laat uitkom. *Van hoorsê het ek van U gehoor, nou het my oog U gesien...* Tussen al die afvalstukke van die mens se lewe, toe God by hom uitkom toe gaan dit oor Wie God is, maar die uitkom by Job word 'n uitkoms.

In die Nuwe Testament sal ons sê Christus se uitkom by ons het ons uitkoms geword. Christus wat kom wys het Wie God is, in alles stel Hy God bekend, Hy is God, Hy wil dat ons by God moet uitkom, maar in die uitkom by God word die uitkoms 'n al hoe groter geskenk. Die Here skenk uitkoms waar daar geen wegkom en uitkoms kon wees nie.

Hoe God die uitkoms gee is beslis nie om verskoning te maak vir wat alles in ons lewe verkeerd gegaan het nie. Dit weet ons God is aan ons geen verskoning verskuldig nie, God hoef Homself nie te verduidelik nie, maar dit is juis baie keer die hardste woorde wat die grootste kalmte kan bring. God het Job nêrens in 'n koel aandwindjie ontmoet soos dit 'n keer met Elia of selfs nog voor die sondeval met Adam die geval kon wees nie, God praat ook in storms, wat selfs 'n tsoenami kan wees, sonder om sy eie daade te verklaar.

God gee nie vir Job 'n oplossing nie, nee God gee in plaas van oplossings gee Hy verlossing. Hy gee 'n Verlosser. Dit kan ons aan die einde van hierdie woord van vandag aan ons bind. Dit wat Ps. 73:1 ook sing- **Gods weg kan nooit so donker wees nie dat Hy nie sorg vir wie Hom vrees nie.**

Die pad, dikwels selfs 'n moeilike voetpad wat ons moet loop, jou voete moet die grond raak, God bring jou grond toe. As die elektrisiteit in ons lewe baie word, dan is dit nodig dat jy ook ge-aard moet word. Dit geld in elke opsig, ook in ons verhoudinge teenoor mekaar. Daarom om te mag sê as die elektrisiteit van God my skok weet dat God het reeds die draad wat my kan aard vasgemaak.

Ek mag aan Christus vasgryp. Hy is my krag, ek is in Hom tot alles in staat deur Hom wat my krag gee, want Hy het deur die kruis op Golgota die lewe kom beaard. Die geregtigheid wat in God soos 'n storm op ons moes neerslaan, daardie storm het God Self deur sy Seun geaard, God het Hom die volle storm, die hemelse en helse elektrisiteit laat deurgaen, dat ons aan sy drade, aan sy lewendraad gebind kan word, Hy wat die lewe is.

Dit waarmee die Woord van God Job se lewe mee afsluit is 'n gebed. 'n Gebed en intrede vir sy vriende, hulle wat eintlik so verkeerd was, toe Job self ook verkeerd was. Niemand wat niemand kan veroordeel nie, die nederige word net nog meer nederig as ons dit besef, maar hy kan wel voorbidding doen. Daar moet 'n offer gebring word... Dit is wat ons in vers 10 lees- *Toe die Here die lot van Job verander het, het hy vir sy vriende gebid...* Daar is ook geoffer. Ja, Job is wel stoflik weer geseën, nog meer geseënd was hy, dubbel sy seëninge van voorheen, maar dit moet ons hieruit saamneem. Die Gewer moet meer wees as die gawe. Dit is wat Satan bevraagteken het, Satan wat met God wou skrum, wat God beskuldig het, dat Job dien God maar net omdat hy soveel gawes ontvang het. Na alles, werklik op die einde van alles, die Gewer is groter as die gawe, om aan 'n geseënde einde dit te mag sê, dit te mag uitleef is waarnatoe ons moet leef.

AMEN